CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

# DIE STAD SE REAKSIE OP HAWELOOSHEID EN HULP AAN MENSE OM VAN DIE STRAAT AF TE KOM

*Gereelde Vrae*

Laas bygewerk: 20 Mei 2022

| V | **Watter regeringsvlak hou die grondwetlike mandaat met betrekking tot mense wat op straat woon?** |
|---|---|
| A | Die nasionale en provinsiale regerings hou gesamentlik die grondwetlike mandaat en begrotings vir welsynsdienste, insluitende die registrasie en subsidiëring van skuilings wat deur nieregeringsorganisasies bedryf word.<br>As ’n omgeestad, oortref die Stad ons munisipale mandaat om mense te help om van die straat af te kom.<br>Ons sorgprogram om mense van die straat af te help kom, sluit die volgende in:<br>• toegang tot rehabilitasie vir middelmisbruik<br>• bystand met herintegrasie in die samelewing<br>• bystand om identiteitsdokumente en maatskaplike toelaes te bekom<br>• bystand met planne vir persoonlike ontwikkeling<br>• toegang tot korttermynwerksgeleenthede via die uitgebreide openbarewerkeprogram (EPWP)<br>• toegang tot skuiling by ’n fasiliteit wat deur ’n nieregeringsorganisasie bedryf word of ’n veilige ruimte wat deur die Stad bedryf word |

| V | **Hoeveel mense woon op straat in Kaapstad?** |
|---|---|
| A | Volgens die Stad se mees onlangse telling in November 2018 het ongeveer 4 000 mense op straat en 2 000 in skuilings gewoon. Na verwagting sal die Sensus 2022-data meer inligting oor die huidige syfers bied. |

| V | **Wat veroorsaak dat mense op straat beland?** |
|---|---|
| A | Die redes waarom mense op straat woon, is struktureel sowel as individueel.<br>Haweloosheid kan verband hou met werkloosheid, verbrokkelde gesinsverhoudings, ’n onvoldoende welsynstelsel, verlies van behuising, verstedeliking, uitsetting, maatskaplike en regsoorsake, sowel as individuele faktore soos middelmisbruik, geestesiekte of selfs betrokkenheid by misdaad.<br>Daar is verskillende soorte haweloosheid, wat in drie hoofkategorieë ingedeel kan word: |

| Tipe | Definisie |
|---|---|
| Chronies | Mense wat vir ’n langer tydperk haweloos is, en dikwels ernstige probleme met middelmisbruik of geestesiekte het. Dit is die tipe haweloosheid wat die minste voorkom. |
| Tydelik | Mense wat slegs vir ’n kort tydperk in ’n skuiling bly weens ’n katastrofiese gebeurtenis; gewoonlik jonger mense wat gedwing word om vir ’n ruk na ’n skuiling vir haweloses te gaan. Dit is die tipe haweloosheid wat die meeste voorkom. |
| Episodies | Mense wat gereeld haweloos is; gewoonlik jonger mense, en word haweloos as gevolg van misbruik, werkloosheid, geestesiekte, gesondheidsprobleme of gesinsomstandighede. |

Subkategorieë van hierdie klassifikasies sluit mense in wie se gesinsverhoudinge verbrokkel het en gevolglik die huis verlaat het; “dagrondlopers” in gebiede waar ekonomiese geleenthede bestaan (insluitende straatkinders); mense wat op parool is of was wat in openbare oop ruimtes gaan woon; mense met geestesiektes; en mense wat behoeftig is en nie ’n plek het om te slaap nie.

| V | **Wat doen die Stad ná die nasionale ramptoestand om mense te help om van die straat af te kom?** |
|---|---|
| A | Die nasionale ramptoestand wat twee jaar geduur het en die ekonomiese impak daarvan het tot ongeëwenaarde vlakke haweloosheid in die stad gelei – met baie mense wat in openbare plekke slaap, insluitende sypaadjies, parke, padreserwes en onder brûe.<br>In die lig hiervan kan net ’n unieke en ongeëwenaarde reaksie mense van Kaapstad se strate af help en |

toesien dat openbare plekke vir breër openbare gebruik beskikbaar is.

Die Stad Kaapstad hanteer hierdie situasie pro-aktief deur: -

**Uitbreiding van veilige ruimtes wat deur die Stad bedryf word na meer plekke as die middestad en Bellville**:
Altesaam R142 miljoen is bewillig om hierdie fasiliteite oor die volgende drie jaar te bedryf en uit te brei. ’n Verdere R10 miljoen is toegewys om hierdie winter meer beddens te voorsien in skuilings wat deur nieregeringsorganisasies bedryf word.

**Groter pogings om die omstandighede van mense op straat te assesseer en skuiling of maatskaplike bystand aan te bied:**
Die Stad se departement maatskaplike ontwikkeling en vroeëkindontwikkeling is tans stadswyd besig met die maatskaplike assessering van mense wat op straat woon. Dit sluit die redes vir haweloosheid, fisiese en geestegesondheid, lewensomstandighede en bronne van inkomste in. Dit sal ’n verwysing na maatskaplike bystand tot gevolg hê, wat verblyf by ’n skuiling of by ’n veilige ruimte wat deur die Stad bedryf word, kan insluit.

**Hofbevele teen die onregmatige besetting van openbare plekke**:
As gevolg van die beëindiging van die nasionale ramptoestand, hoef die howe nie meer uitsettings volgens die regulasies te oorweeg nie. Die Stad se Verordening op Strate vereis egter ’n hofbevel wanneer ’n struktuur as ’n woning geag word ingevolge die Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onregmatige Besetting van Grond (PIE). In sulke gevalle sal die Stad die nodige hofbevel bekom en toesien dat alternatiewe verblyf by skuilings of veilige ruimtes aangebied word, ingevalle waar dit regverdig en billik is.

**Die behoorlike toepassing van die Verordening op Strate**:
In gevalle waar die PIE-wet nie van toepassing is nie, sal die Stad die Verordening op Strate soos volg toepas:

- Stadspersoneel van maatskaplike ontwikkeling en vroeëkindontwikkeling sal ’n maatskaplike assessering van ’n persoon se omstandighede doen en maatskaplike bystand of skuiling aanbied.
- Indien dit geweier word, vind ’n gesamentlike operasie met wetstoepassing plaas waartydens skuiling weer aangebied word.
- Indien dit weer geweier word, word ’n nakomingskennisgewing uitgereik en die stappe, spertyd en gevolge van nienakoming uitgewys.
- Indien dit nie nagekom word nie, kan ’n skriftelike kennisgewing uitgereik word om in die hof te verskyn. Die aanbod van bystand en skuiling bly te alle tye beskikbaar.
- Indien die persoon versuim om voor die hof te verskyn, kan die hof ’n arrestasiebevel uitreik.
- Dit is dan in die hof en aanklaers se hande om die pad vorentoe te bepaal. Die Stad sou graag wou sien dat die howe rehabilitasie voorskryf, eerder as om strafmaatreëls soos boetes of gevangenisstraf op te lê.

Die Stad sal die volgende **vyf rigtinggewende beginsels volg om mense te help om van die straat af te kom**:

1. Kaapstad moet eerstens en bo alles ’n omgeestad wees wat altyd eers mense probeer help om van die straat af te kom.
2. Geen mens behoort op straat te woon nie. Dit is onveilig, ongesond en onwaardig. Die aanvaarding van volhoubare oplossings weg van die straat af is die beste keuse vir waardigheid, gesondheid en welsyn.
3. Ons stad se openbare plekke dien ’n belangrike sosiale, gemeenskaps- en ekonomiese doel, en moet vir almal oop en beskikbaar wees. Niemand het die reg om ’n openbare plek uitsluitlik vir hulself te gebruik terwyl hulle onbepaald die aanbod van skuiling en maatskaplike bystand weier nie.

| | |
|---|---|
| | 4. Dit is nie ’n oortreding om op straat te slaap as jy nie ’n keuse het nie. Eers nadat die aanbod van skuiling en maatskaplike bystand geweier is, moet die reg sy verloop neem as ’n nodige laaste uitweg en afskrikmiddel om die volhoubare bestuur van openbare plekke moontlik te maak.<br>5. Die Stad moedig die howe en aanklaers aan om in sake met betrekking tot verbode gedrag in openbare plekke, waar dit billik is, voorkeur te gee aan rehabilitasie bo boetes en gevangenisstraf. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Hoeveel skuilings is daar en waar is hulle geleë?** |
| **A** | ’n Omvattende lys van skuilings is by die Wes-Kaapse regering beskikbaar. Die Wes-Kaapse regering is die registrasie- en toesigowerheid oor skuilings wat gewoonlik deur nieregeringsorganisasies (NRO’s) bedryf word.<br><br>Skuilings in Kaapstad het ’n bedkapasiteit van ongeveer 2 446 soos in Mei 2022.<br><br>Alhoewel die Stad nie grondwetlik die mandaat het om skuilings te bedryf of toesig daaroor te hou nie, oortref die Stad sy munisipale mandaat om skuilings te ondersteun en veilige ruimtes te skep.<br><br>Altesaam R142 miljoen is opsygesit om veilige ruimtes wat deur die Stad bedryf word oor die volgende drie jaar na meer plekke as die Kaapstad-middestad en Bellville uit te brei.<br><br>Die huidige veilige ruimtes in die middestad en Bellville bied skuiling, twee maaltye per dag, persoonlike ontwikkelingsbeplanning, toegang tot maatskaplike werkers, geleenthede om werk te soek en om by formele verblyf of ’n skuiling in te trek en dwelmrehabilitasie waar nodig.<br><br>Die Stad se veiligeruimte-fasiliteite het ’n totale kapasiteit vir ongeveer 700 persone in normale omstandighede wanneer dit nie deur covid-19-maatreëls beperk word nie. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Wat doen die Stad om skuilings te ondersteun en mense te help om van die straat af te kom?** |
| **A** | Die Stad se sorgprogram om mense te help om van die straat af te kom beloop R77 miljoen vir 2022/23. Kaapstad is die enigste metro in Suid-Afrika wat ’n begroting vir maatskaplike ontwikkeling aan hierdie kwessie toewys.<br><br>• ’n Toegewyde herintegrasie-eenheid van professionele praktisyns by maatskaplike ontwikkeling bied daaglikse intervensies om mense te help om hul lewens weg van die straat te herbou.<br>• Veiligeruimte-fasiliteite is in die middestad en Bellville geopen met ’n totale kapasiteit vir 700 mense in normale omstandighede, wat aan elkeen by aankoms drie maaltye per dag, komberse, matrasse en toiletware bied, asook middelmisbruikintervensies, vaardigheidsopleiding, bystand met identiteitsdokumente en EPWP-werksplasing.<br>• Jaarlikse wintergereedheidsveldtogte om skuilings te ondersteun en hul kapasiteit te vergroot wanneer die ergste weer kom. Vir 2022 se winter, word R10 miljoen toegewys om die beddens by skuilings te vermeerder vir wanneer die weer op sy ergste is.<br>• Hulp is beskikbaar deur middel van plasing in die Stad se Matrix®-middelmisbruikprogram vir die vele mense wat as gevolg van dwelmverslawing op straat beland.<br>• Tussen 2016 en 2021 het die Stad betekenisvolle intervensies gedoen om mense te help om van die straat af te kom, insluitende:<br>  ◦ Meer as 1 550 hawelose mense het gebaat by EPWP-werkplasings deur die Stad se maatskaplikeontwikkelingsdienste<br>  ◦ Meer as 575 hawelose mense is met hul familie of vriende herenig<br>  ◦ Meer as 1 600 mense is by skuilings geplaas om hulle te help om op ’n volhoubare manier van die straat af te kom<br><br>Alhoewel die Stad nie die grondwetlike mandaat het om skuilings direk te bedryf nie, is ons daartoe verbind om ons nieregeringsorganisasie(NRO-)vennote te ondersteun, deurdat R50 miljoen in toelaagbefondsing net tydens die nasionale inperkingstydperk toegestaan is. |

| V | **Indien daar hulp vir hawelose mense beskikbaar is, waarom woon so baie van hulle steeds op straat?** |
|---|---|
| A | Haweloosheid word deur verskillende maatskaplike en ekonomiese faktore aangedryf en dit kan ’n persoon se keuse wees om op straat te woon al is daar ander opsies beskikbaar.<br><br>Baie, of die meeste, mense wat op straat woon weier die aanbod om hulp van skuiling of maatskaplike bystand. In sommige gevalle is dit as gevolg van ’n gebrek aan bewustheid oor die volhoubare oplossings wat beskikbaar is om hulle lewe weg van die straat op te bou. Sommige van hulle verkies om nie die reëls en roetine by skuilings na te kom nie en baie mense wat op straat woon, ly aan middelmisbruikverslawing en is nog nie bereid om skuiling en rehabilitasie weg van die straat te aanvaar nie.<br><br>Daar is ook diegene wat probeer om te herintegreer, maar dan weer op straat opeindig.<br><br>Om hierdie redes werk die Stad se herintegrasie-eenheid daagliks regoor die metro om verhoudinge met mense wat op straat woon met tyd op te bou en hulle aan te moedig om volhoubare oplossings weg van die straat te aanvaar. |

| V | **Hoe kan daar van mense verwag word om na skuilings te gaan wanneer daar nie genoeg bedspasie beskikbaar is nie?** |
|---|---|
| A | Die Stad monitor daagliks die beskikbare bedspasie by skuilings om daardie mense by te staan wat verblyf soek.<br><br>Oor die afgelope twee jaar van monitering was daar nog nie een dag waarop daar nie beskikbare beddens was vir mense wat van die straat af wil kom nie.<br><br>Bedspasie word daagliks beskikbaar soos mense met hul familie herenig of dit regkry om te herintegreer deur ander verblyf te vind. Dit is glad nie die bedoeling dat die aantal bedspasies gelyk moet wees aan die aantal mense op straat nie. Skuilingbeddens is ’n hernubare hulpbron wat slegs vir ’n tydperk gebruik word tot ’n persoon op sy/haar eie voete kan staan, of met familie of vriende in ’n ondersteunde omgewing herenig.<br><br>Die Stad en skuilings en verskeie nieregeringsorganisasies werk sonder ophou om mense in hul gemeenskappe en families te herintegreer en hulle te help om meer volhoubare verblyfopsies te vind. ’n Skuiling of ander geïnstitusionaliseerde huisvesting kan nie volhoubaar as die finale tuiste van ’n persoon op straat geag word nie. Dit is eerder ’n tussentydse opsie tot herintegrasie plaasvind. |

| V | **Wat kan die publiek doen om te help?** |
|---|---|
| A | Die Stad doen ’n beroep op inwoners om by te dra tot volhoubare oplossings wat daarop gemik is om mense te help om van die straat af te kom.<br><br>Niemand behoort op onveilige strate te woon nie en die aanvaarding van oplossings weg van die straat af is die beste keuse vir veiligheid, waardigheid en welsyn.<br><br>Moedig mense wat op straat woon aan om liewer skuilingfasiliteite te gebruik waar hulle ’n maaltyd, stort, slaapplek en ander dienste kan kry.<br><br>Deur ’n hawelose persoon te help om op straat te bly, ontmoedig ons die persoon om van die geleenthede gebruik te maak wat by skuilings beskikbaar is.<br><br>Alhoewel dit dalk intuïtief voel dat dit die regte ding is om mense te help om op straat te bly, vererger dit net hul situasie en keer dit hulle om hul lewensgehalte te verbeter.<br><br>Deur ’n skuiling te ondersteun, help die publiek daardie mense om geleenthede te bekom vir die verbetering van hul omstandighede eerder as om hul situasie te vererger deur mense op straat te ondersteun, waar hulle aan gevaar blootgestel word.<br><br>Daar is ook weeshuise en ouetehuise met ’n dringende behoefte aan ondersteuning. Die publiek kan skenkings maak aan hierdie tehuise en sodoende help om die samelewing op te hef.<br><br>Het jy byvoorbeeld geweet dat jy deur middel van ’n kontantskenking ’n kind vir tot ses maande in ’n weeshuis |

| | |
|---|---|
| | kan onderhou? Jou skenking sal verseker dat die kind gevoed word, geklee word en ’n dak oor sy/haar kop het.<br><br>Die Christine Revell Kinderhuis in Athlone is een voorbeeld van ’n NRO wat jy kan ondersteun om ’n werklike verskil in iemand se lewe te maak.<br><br>’n Lys van skuilings wat hulp aan hawelose mense verleen, is hier beskikbaar: Homeless Shelter Database |

| | |
|---|---|
| **V** | **Waarom dwing die Stad se departement wetstoepassing verordeninge op hawelose mense af?** |
| **A** | Verordeninge geld vir al Kaapstad se inwoners en besoekers. Die Stad se departement wetstoepassing ontvang elke maand honderde klagtes van gemeenskappe oor antisosiale gedrag en oortredings van verordeninge deur mense wat op straat woon. Neem kennis dat alle wette, insluitende verordeninge, algemeen en op almal van toepassing is. Die voorskrifte in die verordeninge is op die onregmatige optrede gerig en nie op ’n spesifieke groep mense nie.<br><br>Voorbeelde van klagtes sluit die volgende in:<br><br>Tente en strukture word opgeslaan op openbare oop ruimtes soos sypaadjies en parke, die ophoping van rommel, urinering, ontlasting en was op plekke wat nie daarvoor bedoel is nie, asook meer ernstige misdaad soos openbare onwelvoeglikheid, diefstal, aanranding en intimidasie en skade aan munisipale infrastruktuur.<br><br>Wetstoepasingsoptrede ingevolge die verordening steun die herintegrasie-inisiatiewe van die Stad aangesien hawelose mense wat die verordening oortree dikwels meer geneig is om die aanbod van herintegrasie te aanvaar. Die twee parallelle prosesse (herintegrasie en wetstoepassing) is dus onderling ondersteunend.<br><br>Kaapstad se gewysigde Verordening op Strate, Openbare Plekke en die Voorkoming van Stoornisse vereis nou dat alternatiewe verblyf aangebied moet word, en verseker dat slaap en oornagkampering in openbare plekke nie meer outomaties as ’n oortreding geklassifiseer word indien die persoon geen ander keuse het nie.<br><br>Slegs nadat die aanbod van ’n skuiling en maatskaplike bystand geweier word, kan die reg sy verloop neem as ’n nodige laaste uitweg en afskrikmiddel vir die volhoubare bestuur van openbare plekke.<br><br>Die Verordening op Strate bestaan reeds sedert 2007 en verbied basies dieselfde gedrag in openbare plekke as in alle ander munisipaliteite in Suid-Afrika, asook elders in die wêreld om die volhoubare bestuur van openbare plekke te verseker. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Verwyder wetstoepassingspersoneel die persoonlike besittings van hawelose mense?** |
| **A** | Beamptes verwyder glad nie die persoonlike besittings van mense wat op straat woon nie. Slegs die rommel wat by terreine ophoop, word verwyder.<br><br>Die ophoping van rommel in oop ruimtes hou gesondheidsrisiko’s in vir beide die gemeenskap en mense wat op straat woon. Tydens optrede versoek beamptes dat mense hul persoonlike besittings verwyder voor die beamptes verder gaan. Wanneer persoonlike items nie opgeëis word nie, word die items verpak, gedokumenteer en na die Stad se skut in Ndabeni geneem waar dit deur die eienaar afgehaal kan word.<br><br>Neem kennis dat die Wet op die Onwettige Uitsetting en die Voorkoming van Onregmatige Besetting (PIE) van toepassing is op die tydelike strukture en tente wat deur mense wat op straat woon, gebruik word en daar bepaal word dat die Stad om ’n uitsettingsbevel aansoek doen om die onregmatige besetters te verwyder en alternatiewe verblyf aan te bied in soverre dit regverdig en billik is om dit te doen. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Straatmense wat voorheen verskuif is of ’n gebied verlaat het, hou aan terugkeer. Wat gaan die Stad daaromtrent doen?** |
| **A** | Die Stad beskerm die belange van die gemeenskap deur sy verordeninge toe te pas. Dit verbied die oprigting van tente of strukture op openbare ruimtes, vuurmaak in gebiede wat nie vir daardie doel aangedui is nie, en die blokkeer van sypaadjies waar dit die veilige deurloop van voetgangers belemmer. Ander bepalings van verordeninge het te make met aktiwiteite en gedrag op openbare plekke. |

| | |
|---|---|
| | Die Verordening op Strate, Openbare Plekke en die Voorkoming van Stoornisse is gewysig om die huidige wyse waarop seker bepalings toegepas word, te weerspieël. Wetstoepassingsoptrede moet dus voorafgegaan word deur 'n aanbod van alternatiewe skuiling wat in die meeste gevalle deur wetstoepassingsbeamptes herhaal sal word en indien die aanbod geweier word, sal 'n nakomingskennisgewing uitgereik word waarin opdragte aan die ontvanger gegee word. Dit is ook die geval met die nuwe Verordening op Onregmatige Besetting.<br><br>Niemand behoort op straat te woon nie en alle optrede moet op die herintegrasie van hawelose mense gerig wees om hulle te help om 'n volhoubare inkomste en verblyf weg van die straat te vind. Dit vereis 'n hele-samelewing-benadering. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Wat moet ek doen om probleme met hawelose mense te rapporteer of om hulp te vra vir iemand op straat?** |
| **A** | Die noodsentrum kan geskakel word by 021 480 7700 vanaf 'n selfoon, of by 112 – 'n gratis oproep aan die selfoondiensverskaffer wat die oproep na die Stad se inbelsentrum sal oorplaas – of by 107 vanaf 'n landlyn. Maatskaplike werkers of wetstoepassingspersoneel sal dan uitgestuur word op grond van die prioriteitsvlak van die versoek. |

| | |
|---|---|
| **V** | **Watter proses word tydens wetstoepassingsoptrede gevolg?** |
| **A** | Wetstoepassingsoperasies bestaan uit drie fases:<br><br>**Fase 1**<br><br>Die Stad se departement maatskaplike ontwikkeling bied alternatiewe tydelike skuiling aan enige hawelose persoon wat 'n spesifieke plek onregmatig beset. Die Stad se departement wetstoepassing reik 'n nakomingskennisgewing uit aan enige persoon wat die Stad se verordeninge oortree. Nakomingskennisgewings sal die volgende aandui:<br><br>a) Die bepalings of voorwaardes wat oortree is<br>b) Die optrede wat vereis word ter nakoming<br>c) Die maatreëls wat getref moet word om die oortreding reg te stel<br>d) Die tydperk waarin dit alles gedoen moet word<br><br>**Fase 2**<br><br>'n Artikel 56-kennisgewing (boete) word uitgereik aan diegene wat nie voldoen het aan die nakomingskennisgewing wat uitgereik is nie.<br><br>**Fase 3**<br><br>Die hawelose persoon word alternatiewe tydelike skuiling aangebied. Sou hulle weier, word hul besonderhede gedokumenteer, en kry hulle die geleentheid om hul besittings te verwyder. Indien hulle versuim om dit te doen, word 'n artikel 56-kennisgewing aan hulle uitgereik ingevolge die Verordening op Strate en Openbare Plekke en Voorkoming van Stoornisse of enige ander relevante verordening. Alle afvalmateriaal soos omskryf in die Wysigingsverordening op Geïntegreerde Afvalbestuur wat deur die nasionale minister in die Staatskoerant as afval geïdentifiseer word ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval 2008 (Wet 59 van 2008) sal na 'n stortingsterrein geneem word. |